

ST. KUNEGUNDE

3 MAART

(sterf 1040)

Sy was die vrou van keiser Hendrik II van die Heilige Romeinse Ryk. Hulle was albei diepgelowige mense wat die groot mag waaroor hulle beskik het gebruik het om 'n regverdiger en beter samelewing te skep. Hulle stig talle kloosters en rig nuwe kerke op, waarvan dié in Bamberg tot 'n groot sentrum van die Christelike geloof en geleerdheid sou ontwikkel. Ná die dood van haar man in 1024 het Kunegunde al haar besittings weggegee en as eenvoudige non ingetree by die klooster wat sy in Kaufungen gestig het. Hierdie heilige egpaar het 'n geweldige invloed uitgeoefen op die vestiging van die Christelike geloof regdeur die Duitssprekende gebiede.

